MALAN VONK

18de UITGAAF

Maart 2018

Die Malan Vonk het in Januarie 2010 vir die eerste keer verskyn. Hierdie is die 18de uitgawe. Ons vertrou dat julle die inligting interessant vind en sal dit waardeer indien julle enige nuus waardighede kan aanstuur. Hierdie is ook jul nuusbrief wat na meer as 450 Malans wêreldwyd gevonkpos word. Dit is dus 'n lekker manier om die doen en late van ander Malans in Suid-Afrika te deel.

Die wonderlike en vreugdevolle Kersfeestyd van 2017 is vining verby en laat ons net met mooi herinneringe en vergete goeie beloftes.

Volgens die kerkkalender is ons al 'n ent weg in die Lydenstyd. Aan die einde van hierdie maand op 30 Maart is dit Goeie Vrydag en dan herdenk ons SY sterwe aan 'n houtkruis vir ons sonde en daarna volg die opstanding uit die dood. Mag hierdie vir julle almal 'n kosbare en besondere geseënde tyd wees,

Hierdie uitgawe bevat hoofsaaklik die uitnodigings na twee baie belangrike gebeurtenisse nl.

1. Die uitnodiging na die ***GENEALOGIE OPEDAG*** aangebied by die Kweekskool te Dorpsstraat, Stellenbosch op **Saterdag 10 Maart 2018 vanaf 09:00 tot 16:00** en

2. Die **330-jarige herdenking** van die aankoms van die ***HUGENOTE*** aan die Kaap die Goeie Hoop en die

Amptelike Nuusbrief

van die

Malan-Familiebond van SA

Inhoud:

1. Inleiding
2. Boodskap - Lydenstyd 3.
***Genealogie Opedag* 4.**
330-jarige herdenking van die aan- koms van die Hugenote aan die Kaap en bekendstelling van *"Die Malans van SA"*
5. Ledegeld
6. Reëlings tov "Die Malans van SA"

bekendstelling van ***DIE MALANS VAN SUID-AFRIKA*** deur Dr Hercules Malan op 14 April 2018 **om** 10:30 in die NG Kerksaal te Franschhoek.

3. Alle Malans, aangetroude familie en vriende word vriendelike uitgenooi om die **Malan-Familiebond se stalletjie** en ander stalletjies te kom besoek by **lokaal 1003** in die Kweekskool en lekker te gesels tydens die **Genealogie Opedag** op 10 Maart. Dit vind gelyklopend plaas met die **19de Woordfees** wat van 2 tot 11 Maart te Stellenbosch aangebied word met die tema **"Hoe, waar en wie is ek."** Die opedag word georganiseer deur die NG Kerkargief (Stellenbosch), GISA, Isabel Groesbeek en Mariana Olivier. Verskillende argiewe soos die NGK en Lutheraanse Kerk en Wes-Kaapse Argiewe stal uit. So ook verskillende Verenigings soos die Hugenote Vereniging, die Genealogiese Instituut van SA (GISA), die Genealogiese Vereniging van SA (GSSA), Drakensteinse Heemkring, Cape Town Family History Society en Tracing History Trust. Daar stal ook 6 indiwidue en 8 familiebonde uit waarvan die **Malan-Familiebond** een is. Daar word ook 5 verskillende lesings oor Genealogie in die **Attie van Wyk-ouditorium** by die Kweekskool op 10 Maart aangebied.

Gedurende die week van 5 tot 9 Maart bied GISA ook elke oggend om 09:00 lesings oor Genealogie aan by **GISA** se lokaal te Banghoekweg 115, Stellenbosch. Besprekings kan by Lorna Olivier by GISA (021 887 5070) gemaak word.

Diegene wat die **OPEDAG** op 10 Maart by die Kweekskool bywoon gebruik Noordwalweg om te parkeer by die NG Kerk se Argief.

Kontak Andrew Kok by 021 882 9923 vir meer inligting of Isabel Groesbeek, FamilieInfo by 021 441 2325 of isableg@mweb.co.za.

4. 330-JARIGE *HERDENKING* VAN DIE AANKOMS VAN DIE HUGENOTE IN SA EN DIE BEKENDSTELLING VAN "DIE MALANS VAN SUID-AFRIKA" DEUR DR HERCULES MALAN.

HIERDIE BYEENKOMS WORD GESAMENTLIK GEREËL DEUR DIE HUGENOTE VERENIGING VAN ***SUID-AFRIKA EN DIE MALAN-FAMILIEBOND VAN SUID-AFRIKA.***

Alle Malans, lede van die Malan-Familiebond, afstammelinge, aangetroude familie, asook alle lede en vriende van die Hugenote Vereniging van SA word vriendelik uitgenooi na die vieringe van hierdie besondere dag in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Plek: NG Kerksaal, Franschhoek

Datum: Saterdag 14 April 2018

Tyd: 10:30 vir 11:00

Koste: R150.00 per persoon. Kinders onder 12 jaar betaal net R120.00 per kind.

PROGRAM:

10:30 Registrasie – Tee/Koffie

11:00 Verwelkoming – Dennis Malan, Voorsitter van Malan-Familiebond van SA

11:05 Opening met skriflesing en gebed - Ds Deon Malan, HRMC (Bellville)

11:15 Boodskap van die Beskermheer van die Malan-Familiebond – J C Malan (Port Elizabeth)

11:30 Die Hugenote van Suid-Afrika – 330 jaar. – Dr Andrew Kok - Voorsitter, Hugenote Vereniging van Suid-Afrika

12:10 Sang –"Die Hugenote Strydlied".

12:15 Driegang middagete met Malanwyne – Rina Lötter (Franschhoek)

13:30 Skyfievertoning: "Besoek aan die bakermat van die Malans van SA in Frankryk en die vlugroete van Jacques Malan, Hugenote stamvader van die Malans van SA."

14:00 Die bekendstelling van die nuwe uitgawe van **"Die Malans van Suid-Afrika"** deur Dr Hercules Malan (Polokwane)

14:30 Oorhandiging van die **luukse uitgawe** van die **Malans van SA** aan Dr Andrew Kok, Voorsitter van die Hugenote Vereniging

14:35 Oorhandigings aan die twee Danies (DG en JD Malan), mede-outeurs van "Die Malans van Suid-Afrika"

14:50 Bedankings deur Edie Malan (Wellington)

14:55 Afsluiting met die Malan-lied – "Deus Arx Mea". .

15:00 Boekverkope en Afhaal van boeke deur persone wat vooraf bestel het

15:15 Vertrek huiswaarts

Betalings moet gemaak word aan die **Malan-Familiebond** by **ABSA-rekening**: 916 844 8977 Strand-tak 632 005, deur direkte of internetbetaling voor of op **10 April 2018**

Verwysing: Naam, van en kontaknommer. Stuur ook 'n "ETF" boodskap.

Stuur asseblief **bewys van betaling** aan **Dennis Malan** per e-pos by d.s.malan@telkomsa.net per faks 086 725 3059 of per landpos aan D S Malan, Die Palms 1, Kusweg, STRAND, 7140 of skakel my by 081 779 2179 of 021 853 5319.

5. Ledegeld van **R150 pp** is nou betaalbaar. Die **Malan Vonk** is gratis as dit elektronies versend word. Landpos kos R40 per jaar. Betaal soos hierbo aangedui.

6. Reëlings tov "Die Malans van SA." deur Dr Hercules Malan

Diegene wat gebruik gemaak het van die voorpublikasie aanbod is welkom om hulle boeke by die bekendstelling op 14 April op Franschhoek te kom afhaal.

Dit is egter noodsaaklik dat julle my voor 7 April in kennis stel dat julle julle boeke op 14 April self wil kom afhaal. Persone wat nie hulle boeke kom afhaal nie se boeke sal reeds op 13 April aan Amelia Wolmarans, sekretaresse van die Hugenotevereniging oorhandig word om gepos te word.

As iemand aandui dat hy of sy die boeke op 14 April wil ontvang, maar vir een of ander rede

nie by die byeenkoms opdaag nie, sal sy of haar boeke eers ná 22 April gepos kan word.

Boeke sal wel op die byeenkoms te koop wees vir diegene wat nie vooraf bestel en betaal het nie. Let egter daarop dat slegs kontant aanvaar kan word.

My e-posadres is hmmalan@global.co.za.

Dennis moet op12 Maart vir ‘n heupvervanging gaan. Ek vra graag vir u voorbidding vir hom vir die groot operasie.

Hercules.





Die Malans van Suid-Afrika

Derde uitgawe 2018.
Hercules Malan, DG Malan en JD Malan.

4 Volumes met 1833 bladsye in totaal. Die Malans se geskiedenis oor die afgelope 750 jaar in Italië, Frankryk en Suid-Afrika, asook ’n geslagsregister van die Suid-Afrikaanse Malans.

Hierdie boek is die resultaat van meer as 30 jaar se navorsing deur drie toegewyde navorsers. Kerkregisters en argivale dokumente is nagegaan en die gebiede in Europa waar ons Malan voorouers gebly het, is besoek. Talle kaarte en foto’s, baie in volkleur is in die werk ingesluit.



Opgestel deur Dennis Malan en nagesien deur Hercules Malan wat ook die elektroniese versending hanteer.